16.14 RAPPORT 9: DEPUTATE EKUMENISITEIT BUITELANDS – LESSENAAR EKUMENIESE LIGGAME (Art 55)

A. Ds HS Coetzee lewer die Rapport.
B. Die Rapport word staande die Sinode afgehandel.

C. **RAPPORT**
Deputate verantwoordelik vir die lessenaar: Dr DG Breed (s) en prof HG Stoker.

1. International Conference of Reformed Churches (ICRC)

Lid

Vir kennisname

1.1 *Opdrag*

1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die ICRC.

1.1.2 Die GKSA gaan voort met die lidmaatskap van die ICRC.

Besluit: Punte 1.1.1 en 1.1.2 kennis geneem.

1.2 *Uitvoering van opdrag*

1.2.1 Dr DG Breed en ds HPM van Rhyn het as die GKSA se afgevaardigdes die vierjaarlikse vergadering van die ICRC van 29 Augustus tot 4 September 2013 in Cardiff, Wallis bygewoon. Ds Rajesh Kumar van Rietvallei wat tans in Indië bedien, het eie koste vergadering bygewoon.

1.2.2 Die vergadering is ook bygewoon deur afgevaardigdes van die Canadian Reformed Churches – CanRC; Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland – CGKN; Evangelical Presbyterian Church in England and Wales – EPCEW; Evangelical Presbyterian Church in Ireland – EPCI; Free Church of Scotland – FCS; Free Church of Scotland Continuing – FCSC; Free Reformed Churches of North America – FRCNA; Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika – VGK; Heritage Reformed Congregation – HRC; Independent Reformed Church of Korea – IRCK; Orthodox Presbyterian Church – OPC; Presbyterian Church of Eastern Australia – PCEA; Presbyterian Free Church of India – PFCI; Presbyterian Church in Korea (Kosin) – PCKK; Reformed Churches of Brazil – RCB; Reformed Churches in Indonesia NTT – RCI; Gereformeerde Kerk Nederland – GKN; Reformed Churches in New Zealand – RCNZ; Reformed Churches in the United States – RCUS; Reformed Presbyterian Church of India – RPCInd; Reformed Presbyterian Church of Ireland – RPCI; Reformed Presbyterian Church of North America – RPCNA; Reformed Presbyterian Church of North East India – RPCNEI; United Reformed Churches in North America – URNCNA.

1.2.3 Nuwe kerke wat aansoek gedoen het en wat toegelaat is, is die: Africa Evangelical Presbyterian Church (Kenya) – AEPC en die Sudanese Reformed Churches (SRC). Nuwe kerke wat aansoek gedoen het, maar wat nie goedgekeur is nie, is die Christian Reformed Church of Australia – CRCA en die Universal Reformed Christian Church (Nigerië) – NEST (URCC).

1.2.4 Die tema van die vergadering was Gereformeerde prediking. Verskeie lesings en werkswinkels is gehou.

1.2.5 ‘n Kommissie van die ICRC waarop onder andere ook dr DG Breed gedien het, het opdrag gehad om die grondwet van die ICRC te hersien. Heelwat wysigings aan die grondwet, soos deur die kommissie voorgestel, is tydens die vergadering van die ICRC aanvaar. Hierdie wysigings word by die Rapport ingesluit vir goedkeuring deur die Algemene Sinode 2014. Dr Breed is aangewys om as voorsitter van die ICRC se kommissie vir teologiese opleiding te dien. Daar is ook ‘n kommissie aangewys om koördinering van ICRC aktiwiteite in Afrika te behartig.

1.2.6 Die GKSA afgevaardigdes het tydens die vergadering geleentheid gehad om gespreksgeleenthede te reël met die afgevaarvaardigdes van die volgende kerke: Christelijke Gereformeerde Kerken in Nederland – CGKN; Evangelical Presbyterian Church in England and Wales – EPCEW; Evangelical Presbyterian Church in Ireland – EPCI; Free Church of Scotland – FCS; Free Church of Scotland Continuing – FCSC; Orthodox Presbyterian Church – OPC; Presbyterian Free Church of India; Reformed Churches in New Zealand – RCNZ; Reformed Churches in the United States – RCUS; Reformed Presbyterian Church of India – RPCInd; Reformed Presbyterian Church of Ireland – RPCI; Reformed Presbyterian Church of North America – RPCNA; Reformed Presbyterian Church of North East India – RPCNEI; United Reformed Churches in North America – URCNA.

1.2.7 Die volgende byeenkoms van die ICRC sal waarskynlik in Kanada wees in 2017.

Besluit: Punte 1.2.1 tot 1.2.7 kennis geneem.

Vir besluitneming

1.3 *Aanbevelings*

1.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werksaamhede van die ICRC.

1.3.2 Die GKSA sit sy lidmaatskap van die ICRC voort en die Algemene Sinode begroot vir die ICRC-ledegeld en die afvaardiging van die volgende byeenkoms in 2017.

1.3.3 Die wysigings van die ICRC se grondwet soos in die Rapport vervat, word Algemene Sinode

Besluit: Punte 1.3.1 tot 1.3.3 goedgekeur.

PROPOSED *CONSTITUTION* of the INTERNATIONAL CONFERENCE OF REFORMED CHURCHES
(Showing Amendments in Context)

CONSTITUTION

I. NAME

The name of the Conference shall be The International Conference of Reformed Churches ("ICRC").

II. Basis

The basis of the Conference shall be the Holy Scriptures of the Old and New Testaments as confessed in the Three Forms of Unity (the Belgic Confession, the Heidelberg Catechism, the Canons of Dort) and the Westminster Standards (the Westminster Confession of Faith, the Larger and Shorter Catechisms).

III. Purpose

The purpose of the Conference shall be:

1. to express and promote the unity of faith that the Mmember Cchurches have in Christ;
2. to encourage the fullest ecclesiastical fellowship among the Mmember Cchurches;
3. to facilitate and promote ~~encourage~~ cooperation among the Mmember Cchurches in such areas as missions, theological education, and ministries of mercy~~in the fulfillment of the missionary and other mandates~~;
4. to study the common problems and issues that confront the Mmember Cchurches ~~and to aim for recommendations with respect to these matters~~;
5. to present a Reformed testimony to the world.

IV. Membership

1. The Conference was duly constituted on October 26, 1982, by delegates from the eight founding churches, having been previously authorized to do so by their major assemblies. A list of past and present members of the Conference shall be maintained among the Conference's documents.

~~1.~~2. Those Cchurches eligible for membership are those ~~shall be admitted as members~~ which:

a. faithfully adhere to the Reformed Faith stated in the confessional documents listed in the Basis, and whose confessional standards agree with the said Reformed Faith;

b. have complied with the applicable *Regulations* regarding applications for membershipbeen sponsored by at least two member Churches;

~~c. furnish~~

~~d. their confessional standards,~~

~~e. their declaratory acts (if applicable),~~

~~f. their form of subscription,~~

~~g. their form of government;~~

~~h.~~c. are not members of ~~the World Council of Churches or~~ any other organization ~~(such as the World Council of Churches or the World Communion of Reformed Churches)~~ whose aims and practices are deemed to be in conflict with the Basis.~~;~~

~~2. are accepted by a two-thirds majority vote of the delegations of the member Churches, every member Church having one vote.~~

3. Admission to membership in the Conference shall be by a two-thirds majority vote of the delegations of the Member Churches, eachMember Church having one vote.

4. Suspension ort~~T~~ermination of membership in the Conference shall be by a two-thirds majority vote of the delegations of the M~~m~~ember Churches, each Member Church having one vote, whenever the Conference concludes~~is of the opinion~~ that the M~~m~~ember Church, in its doctrine and/or practice (which includes the ordination of persons to the offices of minister or ruling elder contrary to the rule prescribed in Scripture, *cf., Belgic Confession*, Article 30~~I Timothy~~), is no longer in agreement with the Basis; removal of suspension shall also be by a two-thirds majority vote of the delegations of the Member Churches, each Member Church having one vote.A proposal to suspend, terminate, or remove the suspension of the membership of a Member Church may be initiated only by the major assembly of a Member Church. A suspended Member Church may send Delegates to meetings of the ~~Council~~ Conference but shall not vote.

~~3.~~5. When a Member Church fails to send at least one Delegate to three consecutive meetings of the Conference, its membership shall be automatically terminated as of close of the third such meeting, unless during that meeting the Conference determines by a two-thirds majority vote of the delegations of the member Churches, each Member Church having one vote, that there are good and sufficient grounds for such failure.

V. Nature and Extent of Authority

It is understood that the Conference is not a synodical, classical, or presbyterial assembly, and therefore all actions and decisions of the Conference, other than those with respect to a church's membership in the Conference (*Constitution*, IV), are advisory in character and may in no way curtail, restrict, or intrude into the exercise of the jurisdiction or authority given to the governing assemblies of the Member Churches by Jesus Christ, the King and Head of the Church~~The conclusions of the Conference shall be advisory in character. Member Churches are to be informed of these conclusions and are recommended to work towards their implementation~~.

VI. Amendments to the Constitution

This ~~The~~ *Constitution* may be amended by ~~a~~ two-thirds majority vote of the major assemblies of the M~~m~~ember C~~c~~hurches eligible to vote, such amendment having been proposed to the Member Churches by a two-thirds majority vote of the delegations of the Member Churchespresent and eligible to vote, each Member Church having one vote. An amendment, as proposed to the Member Churches, is not amendable.

A proposal to amend the *Constitution* may be initiated only by the major assembly of a Member Church eligible to vote, or by a Committee of the Conference, and ~~The proposed amendment(s)~~ shall be sent to the Corresponding Secretary not later than two years before the meeting of the Conference. ~~He shall send it to the member churches immediately.~~

2. World Communion of Reformed Churches (WCRC – voorheen REC/WARC), (Waarnemerstatus)

Vir kennisname

2.1 *Opdrag*

Die Deputate stuur waarnemers na die volgende World Communion of Reformed Churches (WCRC) en maak tydens die volgende Algemene Sinode aanbevelings oor die GKSA se deelname aan die WCRC.

Besluit: Kennis geneem.

2.2 *Uitvoering van opdrag*

2.2.1 Die WCRC se General Assembly vergader net elke sewende jaar en die volgende byeenkoms sal DV in 2017 in Erfurt, Duitsland plaasvind.

2.2.2 Die World Communion of Reformed Churches (WCRC) het egter op 4-7 Februarie 2014 'n vergadering in Grand Rapids gehou wat beskryf is as: "These condconsultation on communion."

2.2.3 Omdat prof A le R du Plooy en dr DG Breed 'n byeenkoms van die CRCNA in dieselfde tyd in Grand Rapids moes bywoon, was dit ook moontlik dat hulle die byeenkoms van die WCRC (as waarnemers) kon bygewoon.

2.2.4 Die volgende kerke het afgevaardigdes na die byeenkoms van die WCRC gestuur: Evangelical Presbyterian Church, Ghana; Reformed Church of East Africa; Presbyterian Church of Nigeria; NG Kerk in Suid-Afrika; Uniting Reformed Church in Southern Africa**;** Uniting Presbyterian Church in Southern Africa; Uniting Church of Australia; Church of South India; Evangelical Reformed Church (Duitsland); Reformed Church in Hungary; Protestant Church in the Netherlands; National Presbyterian Church of Mexico; Presbyterian Church in Canada; United Church of Canada; Christian Reformed Church in North America; Evangelical Presbyterian Church; Reformed Church in America; Presbyterian Church (U.S.A.); United Church of Christ.

2.2.5 Daar is tydens die byeenkoms onder andere aan die volgende onderwerpe aandag gegee: Communion as a gift and calling; The ethos of the Reformed Communion; No Communion without Justice, no Justice without Communion; Communion and Unity: 'Conflicting Interests?'; How do we live out our calling as a communion in our different contexts; What are some of the current challenges to communion. Daar is ook in groepe gesprek gevoer oor die onderwerp: The Strategy and the Vision of the Communion.

2.2.6 Die byeenkoms kan soos volg geëvalueer word:

2.2.6.1 Dit is duidelik dat die WCRC – na die samesmelting van die WBGK (WARC) en die GER (REC) in 2010 tot die WCRC – in 'n fase verkeer waarin gepoog word om werklik prakties tot 'n ekumeniese gemeenskap (communion) van kerke te groei en te ontwikkel.

2.2.6.2 Daar was onder die afgevaardigdes uiteenlopende standpunte oor Belydenisskrifte, byvoorbeeld ten opsigte van die noodsaaklikheid, gesag en funksie daarvan. Tog blyk dit dat die lidkerke van die WCRC instemming het met die grondslag van die liggaam.

2.2.6.3 Die doel en strekking van die agenda was om aan 'n eenheid en gemeenskap te probeer bou met die oog op beter betrokkenheid en bystand van kerke wat deel is van die WCRC. Dit het daartoe aanleiding gegee dat verskille onderbeklemtoon is, en dat aanvegbare standpunte nie tot bevrediging afgehandel is nie.

Tog was daar genoegsame geleentheid om veral in kleiner groepe indringend oor sake te praat. In die kleiner groepe het die GKSA se afgevaardigdes as waarnemers geleentheid gehad om vanuit ‘n Gereformeerde oortuiging bydraes te lewer.

Besluit: Punte 2.2.1 tot 2.2.6.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

2.3 *Aanbeveling*

Die Deputate stuur waarnemers na die World Communion of Reformed Churches (WCRC) in 2017 en maak tydens die volgende Algemene Sinode aanbevelings oor die GKSA se deelname aan die WCRC.

Besluit: Goedgekeur.

3. World Reformed Fellowship (WRF) (Aansoek om lidmaatskap ingedien 2006)

Dr PJ Buys (s) en prof IW Ferreira.

Vir kennisname

3.1 *Opdrag*

3.1.1 Die GKSA bly ‘n lid van die WRF en stuur op eie koste ten minste 2 afgevaardigdes na die volgende internasionale vergadering in 2015 wat in Sao Paulo gehou sal word met die IPB en Mackenzie Universiteit as gashere.

3.1.2 Die GKSA plaas ‘n skakel na die webtuiste van die WRF op die webtuiste van die GKSA.

3.1.3 Die Deputate stel aktiwiteite van die WRF bekend in die geledere van die GKSA.

3.1.4 Die Deputate ondersoek die moontlikheid om ekumeniese bande aan te gaan met verskeie Gereformeerde en Gereformeerd Presbiteriaanse kerke wat lid is van WRF, maar met wie die GKSA nie ekumeniese bande het nie.

3.1.5 Ten opsigte van die voorgestelde “Statement of Faith” van die World Reformed Fellowship besluit die Sinode:

3.1.5.1 Dat kennis geneem word van die “Statement of Faith” van die World Reformed Fellowship.

3.1.5.2 Dat kennis geneem word van die bedoeling van die dokument, soos die opstellers daarvan dit self formuleer: “There are two important points to bemade as we offer this Statement of Faith to the Church. First, the Statement of Faith is not intended to replace the confessional statements of the denominations which are in membership of the WRF. This is an additional Statement, which maybe of use to individuals and churches as they reflect on the nature of Reformed Theology and its application to the theological and moral issues which confront the church in the 21st century. Second, affirmation of the Statement is not intended as a requirement for membership in the WRF. The next General Assembly of the WRF may decide to add it to the current list of confessional statements, one of which in tending members must affirm but that is a matter for the General Assembly”.

3.1.5.3 Dat kennis geneem word van die mededeling van dr PJ Buys, een van die opstellers van die “Statement of Faith”, dat daar steeds geleentheid is vir kommentaar met die oog op die finale afhandeling van die dokument by die volgende “General Assembly” van die WRF in 2015.

3.1.5.4 Dat in die lig van 2.3 hierbo aan te benoeme Deputate opdrag gegee word om indringende kommentaar op te stel met die oog op voorlegging aan die WRF se “General Assembly” in 2015.

3.1.5.5 Dat aan die te benoeme Deputate opdrag gegee word om verkennende gesprekke te voer met die kerke met wie die GKSA kerklike eenheid het, oor die behoefte aan ‘n eietydse belydenisdokument.

- (Motivering oor 3.3.5.5 – In die Statement of Faith word die behoefte uitgespreek vir “a confessional statement to address the issues the church is facing today”. Ook in ander gesprekke (bv die TKR) gaan stemme op oor die moontlikheid van en behoefte aan ‘n eietydse belydenis. Die gedagte van die verkennende gesprekke is om oor hierdie saak groter duidelikheid te kry by die kerke met wie die GKSA een is.)

Besluit: Punte 3.1.1 tot 3.1.5.5 kennis geneem.

3.2 *Uitvoering van opdrag*

3.2.1 Die Deputate het onder leiding van prof SP van der Walt die geloofsverklaring bestudeer en enkele wysigings is voorgestel.

3.2.2 Die Deputate het die Administratiewe Buro versoek om ‘n skakel na World Reformed Fellowship se webtuiste www.wrfnet.org te plaas waar gereeld nuusberigte en artikels wat vir die internasionale Gereformeerde gemeenskap belangrik is, geplaas word.

3.2.3 Die Administratiewe Buro is ook versoek om volgens die besluit van die Sinode ‘n bedrag van R10 000 (Tien duisend Rand) as donasie aan WRF oor te betaal.

3.2.4 Die aktiwiteite van die WRF is deur middel van advertensies oor RSG en Radio Pretoria, *Die Kerkblad* en ander Christelike tydskrifte en per e-pos advertensies van ‘n groot sending- en Praktiese Teologiese konferensie bekend gestel. Die konferensie – wat saam met die Fakulteit Teologie van die NWU in Potchefstroom aangebied is – is deur ongeveer 200 mense bygewoon. Die WRF het ook twee groot konsultasies oor teologiese opleiding en ‘n konsultasie oor sending in Moslemgebiede aangebied wat deur professore van die NWU bygewoon is. Voortvloeiend uit die konferensie is samewerkings kanale tussen Gereformeerde teologiese skole in die VSA en Duitsland en die Fakulteit Teologie van die NWU geskep waar saam studies oor verskillende aspekte van Islam gedoen word. NWU kon die dienste kry van dr Rick Oaks as ‘n na-doktorale navorsingsgenoot wat deel vorm van hierdie samewerking.

Besluit: Punte 3.2.1 tot 3.2.4 kennis geneem.

Vir besluitneming

3.3 *Aanbevelings*

3.3.1 Die GKSA bly ‘n lid van die WRF en vaardig weer af na die volgende internasionale vergadering in 2015 wat in Sao Paulo gehou sal word met die IPB en Mackenzie Universiteit as gashere.

3.3.2 Die Deputate stel aktiwiteite van die WRF bekend in die geledere van die GKSA.

3.3.3 Die GKSA gee ‘n donasie van R15 000 (vyftien duisend Rand) aan WRF.

Besluit: Punte 3.3.1 tot 3.3.3 goedgekeur.

4. AEA en TEASA (Waarnemers)

Dr PJ Buys (s), prof IW Ferreira en ds ASA de Bruyn.

Vir kennisname

4.1 *Opdrag*

Die Deputate gaan voort om kontak met die liggame te maak.

Besluit: Kennis geneem.

4.2 *Uitvoering van opdrag*

Een vergadering van Wensa is bygewoon waar kennis geneem is van die groot maatskaplike nood en armoede in Suid-Afrika.

Besluit: Kennis geneem.

Vir besluitneming

4.3 *Aanbeveling*

Die Deputate gaan voort om kontak met die liggame te maak.

Besluit: Goedgekeur.

5. Theological Education in Africa (TEA)

Dr PJ Buys (s), prof IW Ferreira, ds CB Swanepoel.

Vir kennisname

5.1 *Opdrag*

5.1.1 Dat die Deputate kontakte wat by die konferensie gemaak is opvolg.

5.1.2 Dat daar in die besonder aandag gegee word hoe missionêre samewerking met kerke in Afrika (en die res van die wêreld) in die praktyk gestruktureer kan word.

Besluit: Punte 5.1.1 en 5.1.2 kennis geneem.

5.2 *Uitvoering van opdrag*

5.2.1 Vier van die NWU se professore en dosente het met lesings oor verskillende aspekte van Godgesentreerde eredienste en die gevare van voorspoedgodsdiens by die konferensie oor Teologiese Opleiding in Afrika in Uganda opgetree. Ongeveer 350 mense uit Malawi, Rwanda, Tanzanië, die DRC, Ethiopië, Burundi, Suid Soedan, Suid-Afrika en selfs uit Egipte en Israel het die konferensie bygewoon.
Voortvloeiend uit die konferensie het ‘n aantal predikante uit Kenia, Malawi, Uganda en Burundi by die NWU ingeskryf vir Meesters en Doktorsgraad studies en kom daar steeds aansoeke van potensiële nagraadse studente.

5.2.2 Daar word in 2015 weer ‘n konferensie aangebied.

5.2.3 Daar is ook kontak gemaak met Gereformeerde Kerke in die Groot Mere gebied en gesprekke is aan die gang om voortdurende ekumeniese kontak te behou. Onder andere is daar ‘n Sinodesitting van die Reformed Presbyterian Church in Mbale, Uganda, bygewoon deur ds HPM van Rhyn en drr G van Wyk en PJ Buys.

Besluit: Punte 5.2.1 tot 5.2.3 kennis geneem.

Vir besluitneming

5.3 *Aanbeveling*

Die Deputate vaardig af om die TEA konferensie in Uganda in 2015 by te woon.

Besluit: Goedgekeur.